Die Drie Beloftes

Herlewing in die stad

Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie. Julle moenie stilbly nie totdat Hy Jerusalem herstel het, totdat Hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het. (Jesaja 62:6-7).

24-7 GEBED VIR HERLEWING
13-19 Januarie 2025

In hierdie eerste van 'n 3-delige reeks, 'Die Drie Beloftes', sal ons God herinner aan Sy beloftes wat verband hou met dag en naggebed. Hierdie week bid ons vir God se doel vir ons stede om in vervulling te gaan. Hierdie week se tweede gebedspunt sal fokus op die verkondiging van Jesus Christus aan Boeddhiste wêreldwyd.

MAANDAG 13 JANUARIE 2025
BID VIR JOU STAD
Ek het wagte op jou mure uitgesit ... (Jesaja 62:6-7).

Kom ons bid
- Bid vir God se kinders om onophoudelik in die stad te waak en te bid, en Hom elke dag te herinner aan Sy mense en sy belofte.
- Bid vir hulle om die Woord van God met geestelike onderskeiding en wysheid oor hul stad uit te spreek.

BOETAN – SUID-ASIË
Bid vir die klein groepie Christene in Boetan vir moed en geestelike krag terwyl hulle beproewinge in stilte of isolasie verduur. Bid dat hulle standvastig sal bly in hulle geloof.
Verkondig oor Boeddhiste: Jesus is die Christus, die Seun van die lewende God en dit word deur die Vader in die Hemel aan die mensekinders geopenbaar (Matteus 16:16-17).

DINSDAG 14 JANUARIE 2025
BID VIR JOU STAD
... *hulle sal dag en nag roep*... (Jesaja 62:6-7).

Kom ons bid
- Bid dat wagte in die stad die dringendheid sal hê om dag en nag te bid vir God se voornemens om vervul te word.
- Vra die Heilige Gees om vir die wagte die krag te gee om in geestelike volwassenheid te groei.

BEIJING – HOOFSTAD VAN CHINA
Vervolging van die ondergrondse Kerk het toegeneem. Bid vir huiskerkleiers om 100 miljoen mense in China met die Evangelie te bereik.
Verkondig oor Boeddhiste: Jesus Christus, die Seun van God, is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde, wie is en wie was en wat kom, die Almagtige (Openbaring 1:8).

WOENSDAG 15 JANUARIE 2025
BID VIR JOU STAD
...Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie... (Jesaja 62:6-7).

Kom ons bid
- Bid vir Christene om hulleself geen rus te gee totdat God se heerlikheid in hulle stad en onder al die nasies bekend gemaak word nie.
- Vra die Heilige Gees om Christene te leer om God in gees en waarheid te loof en te aanbid.

HANGZHOU – CHINA
Bid dat die reddende genade van Jesus effektief oorvertel kan word aan die jong werkers wat na Hangzhou gekom het en dat hulle die boodskap van hoop sal terugneem na hul huisgesinne.
Verkondig oor Boeddhiste: Christus is die Hoof van die Kerk; en Hy is die Verlosser van die liggaam (almal wie in Hom glo) (Efesiërs 5:23).

DONDERDAG 16 JANUARIE 2025
BID VIR JOU STAD
...julle moenie stilbly nie... (Jesaja 62:6-7).

Kom ons bid
- Bid vir wagte om te volhard en God geen rus te gee totdat Sy geregtigheid in hulle stad heers nie.
- Bid vir hulle om aan te hou waak, bid en pleit totdat God se beloftes vervul word.

TOKIO - JAPAN
Vra God om die gees van misleiding wat lei tot aanbidding van die okkulte te verwyder. Bid dat 'n nuwe generasie Christenleiers in Japan opgerig sal word.
Verkondig oor Boeddhiste: Daar is een God en een Middelaar tussen God en mense, die Mens Christus Jesus, wat Homself as losprys vir almal gegee het (1 Timoteus 2:5-6).

VRYDAG 17 JANUARIE 2025
BID VIR JOU STAD
Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie. Julle moenie stilbly nie totdat Hy Jerusalem herstel het, totdat Hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het. (Jesaja 62:6-7).

Kom ons bid
- Bid vir wagte om die Here te soek vir Sy beloftes aangaande hulle stad en Hom te herinner aan Sy beloftes wat Hy reeds aan hulle geopenbaar het.
- Bid dat hulle hul daartoe sal verbind om God geen rus te gee deur hul getroue gebed vir herlewing in hul stad nie.

PHNOM PENH – KAMBODJA
Bid vir die jongmense van Phnom Penh, wie baie materiële rykdom as 'n bron van geluk najaag. Mag hulle die ware Bron van vreugde vind!
Verkondig oor Boeddhiste: Nadat Hy (Jesus Christus) vervolmaak is, het Hy die outeur geword van ewige verlossing vir almal wat Hom gehoorsaam (Hebreërs 5:9).

SATERDAG 18 JANUARIE 2025
BID VIR JOU STAD
...Julle moenie stilbly nie totdat Hy Jerusalem herstel het... (Jesaja 62:6-7).

Kom ons bid
- Bid vir wagte om dag en nag op die muur te staan vir herlewing in elke gesin.
- Vra die Heilige Gees vir 'n uitstorting oor jou stad sodat die Koninkryk van God daarin gevestig kan word.

TAIYUAN – CHINA
Bid dat die geestelike oë en ore van ongelowiges oop sal wees wanneer hulle die Evangelie van Jesus hoor.
Verkondig oor Boeddhiste: Die brood van God is Hy (Jesus Christus) wat uit die hemel neergedaal het en lewe aan die wêreld gegee het (Johannes 6:33).

SONDAG 19 JANUARIE 2025
BID VIR JOU STAD
...totdat Hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het. (Jesaja 62:6-7).

Kom ons bid
- Bid vir wagte om vurig en aanhoudend vir hul stad te bid totdat Hy die stad een met 'n goeie reputasie maak.
- Bid vir hulle om te sien hoe God se toewyding aan Sy mense nagekom word wanneer hulle dag en nag bid.

VIENTIANE – LAOS
Bid vir die Laos wat soek na die waarheid, om sosiale druk te ignoreer om Boeddhisme te beoefen en eerder hul hoop in die een ware God te plaas.
Verkondig oor Boeddhiste: Jesus Christus is IMMANUEL. Die naam beteken 'God by ons'. (Matteus 1:23).